



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

**GESKIEDENIS V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel.

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne. • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme. 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne. 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragrafe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ . _____ . _____
 _____ . _____ . _____
 ✓✓✓✓

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

32
50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2. Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik

gekontekstualiseer nie



- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

|
|
|

- Herhaling

R

- Analise

A✓

- Interpretasie

1✓

2. Die matriks

2.5 2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	



- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
INHOUD 							
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE ONTWIKKELING VAN NUWE INVLOEDSFERE VAN BELANG DIE KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE UNIE VAN DIE SOSIALISTIESE SOWJET REPUBLIEKE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA LAAT INTENSIFIEER NA 1945?**

- 1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1]*
- 'n Klaslose gemeenskap.
 - Die produksie word deur die staat gekontroleer namens die gemeenskap.
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Kapitalisme het die verdeling van rykdom oneweredig versprei. (1 x 1) (1)
- 1.1.3 *[Analise en interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*
- Stalin het dit gesien as 'n moontlike oorsaak vir oorlog of konflik.
 - Stalin het die kapitaliste vir die Russiese swaarkry geblameer.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Om te herstel na die skade van die laaste oorlog.
 - Om voor te berei vir die volgende oorlog wat die teenoorgestelde oortuigings oor kapitalisme sal teweeg sal bring. (2 x 1) (2)
- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – V1]*
- Om die kapitalistiese wêreld te waarsku teen die ystergordyn wat oor die hele Europa neerdaal.
 - Om die sentraal en oos-Europese stede te waarsku dat hulle onderhewig is aan Sowjet invloed. (2 x 1) (2)
- 1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om haar mag en doktrine uit te brei. (1 x 1) (1)
- 1.2.3 *[Evalueer die betroubaarheid van die inligting in Bron 1B – V 3]*
Kandidate moet aandui of die bron BEVOORoordeel of NIE-BEVOORoordeel is nie en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

BEVOORoordeel

- Churchill se toespraak het gegaan oor die kommunistiese bedreiging en het nie na dit verwys as deel van die Koue Oorlog nie.
- Churchill verwys nie na die invloedsfere wat alreeds onder kapitalistiese invloed is nie.
- Sy toespraak is nie gebalanseer as 'n kapitalistiese ondersteuner; hy wys kommunisme uit as 'n gevaar vir kapitaliste.
- Enige ander relevante antwoord.

NIE-BEVOORoordeel

- Die Sowjetunie het uitgebrei soos Churchill aangedui het
- Churchill het verwys na die rigting waarin Rusland uitgebrei het.
- Hy het die kapitalistiese lande teen Russies invloed gewaarsku.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

- 1.3 1.3.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1C – V1]*
- Verbreking van die bouse kringloop.
 - Om die vertroue van die Europese mense te herstel in hul lande se ekonomie.
 - Die vervaardiger en die plaasboer moet saamwerk. (3 x 1) (3)
- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hy het beweer dat hy teen honger, armoede en desperaatheid veg.
 - Om die verspreiding van die kommunistiese beleid te stop.
 - Om die kommunistiese beleid te bevorder.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*
- Enige regering wat bereid is om te help met die herstel sal hul volle samewerking kry.
 - Enige regering wat probeer om die herstel van ander lande te stop sal nie hulp van hulle (VSA) kry nie.
 - Regerings, politieke partye of groepe wat probeer om die menslike swaarkry te vererger om hulself te bevoordeel sal teenkanting van die Verenigde State kry. (3 x 1) (3)
- 1.4 1.4.1 *[Interpretasie van inligting van Bron 1D – V2]*
- Stalin wou die Europese (sy satelliet state) lande verhoed om gebruik te maak van die Marshall-plan.
 - Stalin wou nie ekonomiese herstel in Europa sien nie.
 - Stalin het die Marshall-plan as 'n bedreiging vir sy uitbreidingsbeleid gesien.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.4.2 *[Interpretasie van inligting van Bron 1D – V2]*
- Verteenwoordig sosialisme/kommunisme as 'n ideologie van die Sowjetunie.
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 *[Analise van inligting van Bron 1D – V3]*
- Om die kontrole oor die satellietstate teen die VSA se ingryping te verdedig.
 - 'n Poging om die Europese state ekonomies swak te maak.
 - Om vrugbare grond vir sy uitbreidingsbeleid van kommunisme te skep.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 *[Interpretasie van inligting van Bron 1D – V2]*
- COMECON was ingestel om die Marshall-plan teen te werk.
 - KOMINFORUM.
 - Molotov-plan. (1 x 2) (2)

1.5 [Vergelyking van verskille tussen Bronne 1C en 1D – V 3]

- Bron 1C verwys na die nood vir hulp om terug te keer na ekonomiese gesondheid van die wêreld en Bron 1D wys dat die Sowjetunie probeer om dit te stop.
- Beide bronne wys konflik van belange tussen die VSA en die Sowjetunie.
- Beide bronne wys Stalin was bewus van die hulp wat die armoede geteisterde state verlang maar hulle kon dit nie aanvaar omdat dit van die VSA was.
- Beide bronne het dit gesien as 'n poging om sy ekspansionistiese beleid te keer.
- Enige ander relevante antwoord.

(2 x 2) (4)

1.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]

Kandidate moet fokus op die volgende aspekte

- Stalin het kapitalisme afgekeer en wou dit met kommunisme oor die wêreld vervang (Bron 1A).
- Churchill het kommunisme as 'n bedreiging vir wêreldvrede gesien en was besig om die vatbare armoede geteisterde state te infiltrer (Bron 1B).
- Churchill het kommunistiese uitbreiding in sy ystergordyn toespraak afgekeer (Bron 1B)
- Die Marshall plan het Europa in twee verdeel; die state wat dit verwelkom het en die wie onder Stalin se invloed was wat dit verwerp het (Bron 1C).
- Stalin het Roemenië wat die Marshall-plan aanvaar het uit die kommunistiese geledere geskors (Bron 1C).
- Stalin het die Europese ekonomiese herstel verwerp (Bron 1D).
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip van hoe die skepping van invloedsfere die spanning tussen die USSR en die VSA in die Koue oorlog vererger het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip van hoe die skepping van invloedsfere die spanning tussen die USSR en die VSA in die Koue oorlog vererger het. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevant bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die skepping van invloedsfere die spanning tussen die USSR en die VSA in die Koue oorlog vererger het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET KUBA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

- 2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Ekspansionistiese (kolonialisasie) doelwitte.
 - Die Sowjetunie het Kuba bevel om na Angola te gaan (Sowjetse 'marionet'). (2 x 1) (2)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Kuba is te klein om uitbreiding in Afrika te oorweeg.
 - Kuba het niks van Angola geneem nie behalwe die oorskot van sy dooie soldate.
 - Kuba het na Angola gegaan in reaksie op 'n versoek om ondersteuning van Neto (leier van die MPLA-regering).
 - Kuba het nie die Sowjetunie geraadpleeg voordat troepe na Angola gestuur is nie. (3 x 1) (3)
- 2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Agostinho Neto. (1 x 1) (1)
- 2.1.4 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die Sowjetunie het Kuba met logistieke steun van hul troepe gehelp.
 - Kuba het met hul eie wapens gegaan maar het ammunisie van die Sowjetunie benodig.
 - Beide Kuba en die Sowjetunie het die MPLA in hul stryd (teen UNITA / Suid Afrika – 'rassisme en kolonialisme) ondersteun.
 - Die Sowjetunie het addisionele wapens voorsien soos wat die oorlog feller geword het.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2B – V1]*
- Baie van die Kubaanse mense is afstammeling van slawe wat uit Afrika gesteel is. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2B – V1]*
- Suid-Afrika
 - Amerika (Yankees) (2 x 1) (2)
- 2.2.3 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Suid Afrikaanse troepe het die Angolese regering aangeval in 1975. (2 x 2) (4)
- 2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit impliseer dat die Sowjetunie magtiger is as Kuba (soos 'n volwasse tier wat sterker en magtiger as haar welpie is).
 - Kuba tree nie op as 'n onafhanklike nasie maar die Sowjetunie is in beheer.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]

- Die feit dat tien tot dertienduisend Kubaanse troepe in Angola gestasioneer was en volgens Vorster die Angolese regeringsbeleid sou beïnvloed. (1 x 2) (2)

2.3.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]

- Hy het geglo dat wanneer die MPLA hul mag gekonsolideer het, die Kubane dan sal probeer om Suidelike Afrika te destabiliseer.
- Vorster het geglo dat die Kubane die verspreiding van kommunisme wou uitbrei in suidelike Afrika.
- Hy het geglo dat Suid-Afrika / die suidelike punt van Afrika van strategiese belang is vir die kommuniste om die wêreld te domineer.
- Die Kaapse seeroete is die lewensaar van Europa sodat die Sowjetunie in 'n sterk posisie wees om die suidelike punt van Afrika te kontroleer.
- Suid-Afrika het grondstowwe gehad wat baie waardevol vir die Sowjetunie was in 'n konvensionele oorlog sou wees. (2 x 2) (4)

2.4 [Verduideliking van verskillende perspektiewe in Bronne 2B en 2C – V3]

- Bron 2B is deur Castro die Kubaanse leier geskryf en Bron 2C is deur Vorster die Suid-Afrikaanse leier geskryf – hulle het aan verskillende kante in die Angolese Burgeroorlog geveg.
- Castro (Bron 2B) het geglo dat Suid-Afrika probeer het om beheer oor Angola te neem vir die verspreiding van sy rassitiese beleid (apartheid), terwyl Vorster (Bron 2C) geglo het dat Castro probeer om beheer oor Suidelike Afrika te neem vir die verspreiding van kommunisme.
- Beide leiers moes aan hul mense verduidelik waarom hul lande in die oorlog in Angola betrokke was.
- Die twee leiers het verskillende ideologiese standpunte gehad.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (2)

2.5 2.5.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]

- Die hand verteenwoordig die Sowjetunie – die hamer en sekels embleem op die ring is van die Sowjetunie vlag.
- Die sigaar verteenwoordig Kuba – Kuba is 'n groot internasionale tabakprodusent en is beroemd vir hul sigare. (1 x 2) (2)

2.5.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]

- Kuba en die Sowjetie was negatiewe / vernietigende mag in Afrika – dit wys hulle gebruik Afrika as 'n asbak.
- Die Sowjetie beheer Kubaanse betrokkenheid in Afrika – die Sowjet hand hou die Kubaanse sigaar.
- Kuba is die een wat 'gebrand' en wie swaarkry deur ongevalle en koste.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.5.3 *[Bespreek die historiese bruikbaarheid van Bron 2D – V2]*

- Die spotprent is relevant vir die navorsing van die onderwerp want dit bevat verwysings na Kuba en Angola en was in 1975 gedruk, die jaar toe die Angolese Burgeroorlog uitbreek het.
- Die spotprent gee 'n perspektief van een van die lande wat in 1975 in die oorlog betrokke was (Suid-Afrika).
- Die spotprent dui aan dat die Sowjetunie beheer oor Kuba uitgeoefen het en hul betrokkenheid in Kuba gelei het – die geskiedkundige sal dan ondersoek instel of om te bepaal of daar stawende bewyse is om hierdie idee te ondersteun.
- Die spotprent voorsien 'n insig oor die Suid-Afrikaanse regering se verduideliking vir Kubaanse betrokkenheid in Angola.
- Die navorser sal die spotprent as bevooroordeel beskou en sal na ander bronne moet kyk vir verskillende standpunte (bv. om na die Kubaanse en Sowjetse standpunte te gee).
- Enige ander relevante antwoord.

(2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bronne en jou eie kennis om die bruikbaarheid te evalueer – V3]*

Leerders moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Kuba wou Angola koloniseer – Castro ontken dit deur te sê dit sal nie sin maak vir 'n klein landjie om te dink aan uitbreiding in Angola (Bron 2A).
- Kuba was onder Sowjet beheer en kontrole in Angola – Castro beweer dat die Kubane na Angola gegaan het sonder om die Sowjetunie in kennis te stel (Bron 2A en 2D).
- Kuba het Angola as basis gebruik vir die verspreiding van kommunisme in Suidelike Afrika – Castro het gesê dat hy die MPLA ondersteun ('n Marxisties-Leninistiese/sosialistiese beleid) maar Castro sê dat sy troepe sal onttrek as hulle nie meer nodig is nie (Bron 2A).
- Kuba wou minerale rykdom uit Angola onttrek – Kuba beweer dat al wat hulle uit Angola geneem het was die oorskot van die Kubaanse soldate (Bron 2A).
- Kuba wou apartheid in Suid Afrika vernietig – Castro beweer dat Kuba wou Angola teen 'n Suid-Afrikaanse aanval beskerm.
- Castro beweer dat Kuba in Angola was om die MPLA-regering te beskerm as deel van Kuba se internasionale missie om mense wat teen kolonialisme veg te ondersteun.
- Castro argumenteer dat die Kubane van Afrika afkoms is en as slawe verkoop word – daarom het hulle 'n plig teenoor hulle 'broers en susters' om hulle te verdedig.
- Enige ander relevante antwoord.

(8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip van die verskillende redes wat gegee word waarom Kubaanse betrokkenheid in Angola uiteen te sit. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip van die verskillende redes wat gegee word waarom Kubaanse betrokkenheid in Angola uiteen te sit. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die verskillende redes wat gegee word waarom Kubaanse betrokkenheid in Angola uiteen te sit. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	6–8

(8)
[50]

VRAAG 3: WAT WAS DIE BETEKENIS VAN DIE LITTLE ROCK NEGE IN DIE STRYD OM DIE DESEGREGASIE VAN SKOLE IN DIE VSA?

- 3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- “Hulle was deur die Nasionale Garde weggewys.”
 - “n Rasende skare ... “
 - “Hulle was onder polisie-begeleiding verwyder.” (2 x 1) (2)
- 3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hulle was teen integrasie van die skool.
 - Hulle wou blanke oorheersing beskerm.
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Die President het die Nasionale Garde gefederaliseer.
 - Hy het die Nasionale Garde van die skool teruggeroep.
 - Die President se bevel “staak dit en skei uit”. (2 x 1) (2)
- 3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit bron 3A – V2]*
- Wys hulle verwerping van swartes.
 - Wou verhoed dat die insident aan die media uitlek.
 - Wou hulle misnoeë teen skool integrasie wys.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Die Nasionale Garde het studente weggewys.
 - Onverskillige optrede van die polisie.
 - Sagkundige optrede van die polisie wat gelei het tot die aanval op Afro-Amerikaanse joernaliste.
 - Enige ander relevante antwoord. (3 x 1) (3)
- 3.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V3]*
- GEREGVERDIG TOT 'N MINDERE MATE**
- Die polisie is veronderstel om die wet te handhaaf en op te tree teen oortreders.
 - Hulle moet die president se instruksies eerbiedig.
 - Die voorsiening van die lasbrief moet beskerm word.
 - Enige ander relevante antwoord.
- LET WEL:** Enige relevante motivering vir 'n groot mate moet in ag geneem word. (2 x 2) (4)

- 3.2 3.2.1 *[Verduideliking van begrip uit Bron 3B – V1]*
- Beëindig rassediskriminasie en voorsien gelyke geleenthede vir alle rasse
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Vir die standpunt wat hy ingeneem het deur wet en orde in Little Rock Arkansas te herstel.
 - Tot voordeel dat sy aksie die nasie sal harmoniseer. (2 x 1) (2)
- 3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Die Little Rock Nine insident. (1 x 1) (1)
- 3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
AKKURAAT TOT 'N GROOT MATE
- King veroordeel geweld georkestreer deur 'n klein wit groep en glo dat 'n nie-rassige en vreedsame samelewing seëvierende na vore sal tree.
 - Geweld en dwang verskans rasse vyandigheid en is nie tot voordeel van harmonie nie.
 - King se voorspellings was korrek gegewe die feit dat die burgerregte-beweging uiteindelik rassediskriminasie beëindig.
 - Integrasie is uiteindelik bereik wat die optrede van die President regverdig.
 - Enige ander relevante antwoord.
- LET WEL:** Enige relevante motivering vir 'n groot mate moet in ag geneem word. (2 x 2) (4)
- 3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hy was teen geweld.
 - Geglo in passiewe weerstand.
 - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 3.2.6 *[Bepaling bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*
- Dit is 'n outentieke telegram wat Kings se standpunt as burgerregte leier op die Little Rock Nege voorval weerspieël.
 - Dit bied kritiek teen die magte wat teen skool integrasie gekant is.
 - Dit erken die ferm optrede van die President en voordele wat dit vir die bou van die Amerikaanse nasie sal hê.
 - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 3.3 *[Vergelyk bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A – Goewerneur Faubus nie die beskerm nie studente en het toegelaat dat die Nasionale Garde, hulle weggewys.
 - Bron 3A – Die Goewerneur het nie teen die oproerige skare opgetree nie wat teenwoordig by die skool vir 'n paar dae was.
 - Bron 3A – Die president het die Nasionale Garde van die skool terug geroep hulle en dit gefederaliseer.
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Die polisie het die nege Afro-Amerikaanse Studente begelei nadat hulle toegelaat was en wit groepe beswaar gemaak teen hul toelating.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Dit versterk die stryd om burgerregte wat daarna gevolg het.
- Die Burgerregtebeweging het mense regoor die kleurgrens in die veldtog teen die skeiding van die samelewing gemobiliseer.
- Dit het die grondslag vir die afskaffing van rassediskriminasie gelê.
- Was 'n voorloper tot skool desegregasie in die VSA.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Het die fondasie gelê vir die stryd teen rasse-integrasie (Bron 3A).
- Het die weerstand verder versterk teen rassediskriminasie (Bron 3A).
- Dit het die verdeelde, maar gelyke idee van opvoeding in die VSA uitgedaag.
- Dit het die volharding van die studente aan hulle doelwit getoon.
- Eisenhower het wet en orde herstel (Bron 3).
- Die polisie het gefaal om die oproerige skare te verjaag.
- Die Nasionale Garde was gevra om die skool te verlaat (Bron 3A).
- Enige ander relevante antwoord. (2)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van die betekenis van die Little Rock Nine insident in die stryd om desegregasie van die skole. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip van die betekenis van die Little Rock Nine insident in die stryd om desegregasie van die skole. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die betekenis van die Little Rock Nine insident in die stryd om desegregasie van die skole. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	6–8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE
VIËTNAM**

[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede].

- Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die VSA daarin geslaag het om die Viëtnam-oorlog met verwysing na die implementering van sy buitelandse beleid deur verskillende presidente en hoe die Viëtnamese gereageer daarop.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt in neem en staaf met relevante bewyse.

UITBREIDING

- VSA se buitelandse beleid van inperking (containment) en domino-teorie wat daarop gemik is om die verspreiding van kommunisme.
- Onberekende skywe deur verskillende presidente om aanvalle deur Operation Rolling Thunder te eskaleer en gevolge van Tet-offensief.
- Redes vir mislukking (Gebruik van onervare soldate, 'n gebrek aan begrip van Viëtnam-terrein, oorerustheid van Amerikaanse militêre, Viëtnamese taktiek op meer grond beheer as die VSA – VSA nie vertrou met guerrilla taktiek.)
- VSA antagoniseer Viëtnamese deur bomme, vernietiging van plase en gebruik van napalm.
- Die VSA het versuim om die volharding en toewyding van die Vietcong te verstaan.
- Die effektiewe benutting van die Chi Minh Kronkelweg (Trail) deur Vietcong-guerrillas.
- VSA het versuim om Viëtnam te beveilig om nie onder kommunistiese bewind te val nie.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKHEID VAN AFRIKA IN DIE 1960's en 1980's: KONGO EN TANZANIË

[Beplan en konstrueer en te bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese 'n interpretasie vaardighede – V3]

SINOPSIS

Kandidate moet 'n kritiese bespreking van politieke suksesse en uitdagings wat beide Tanzanië en die Kongo ná onafhanklikwording in die gesig gestaar het:

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunt aandui en hoe hulle van plan is om dit te ondersteun.

UITBREIDING

Tipes leiers wat na vore gekom, tipes regering wat ontstaan het en politieke stabiliteit.

- Leierskap beïnvloed deur afname van nasionalisme en liberale demokrasie.
- Die opkoms van 'n eenparty-stelsel en sosialisme teenoor pluralisme en individualisme.
- In die Kongo, het Patrice Lumumba sy regering gebaseer op “positiewe neutralisme”, en buitelandse invloede verwerp.
- Mobutu Sese Seko, ondersteuner van sentralisering, maar kapitalis het in 'n diktator verander wat 'n PMR gelei het.
- In Tanzanië, Julius Nyerere het TANU as 'n politieke party gelei, hy was 'n sosialis.
- Verwerp stamgebondenheid wat baseer was op etnisiteit en rassediskriminasie.
- Julius Nyerere het Tanzanië as 'n eenpartystaat gelei maar was nie 'n diktator nie.
- Glo in Afrika-sosialisme, verbind tot die bevordering van menslike gelykheid en waardigheid.
- Het 'n onverbondenheidshouding.

Uitdagings:

- Politieke onstabiliteit in die Kongo ná onafhanklikwording, spanning, etniese wedywering en onsekerhede.
- Leiers verskil, Kasavubu, verkies 'n federale staat, Lumumba wou 'n gesentraliseerde eenheidstaat hê.
- Stabiliteit gebring deur Mobutu, deur middel van 'n eenparty-stelsel, tot stigting van 'n outoritêre bewind.
- Tanzanië onder Julius Nyerere ervaar stabiliteit deur die aanneming van Afrika-sosialisme en die beleid van Ujamaa.
- Tanzanië het nooit 'n politieke staatsgreep ervaar soos die Kongo nie.
- Afrika-leiers gevang tussen die twee stelsels, 'n gesofistikeerde politieke stelsel en 'n warm sosialistiese stelsel wat later verander na Afrika-sosialisme.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidate moet argument saamvat met relevante slot.

[50]

**VRAAG 6: BURGERLIKE TUSSEN DIE 1950's TOT 1970's:
SWARTMAGBEWEGING**

[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede.]

- Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet reageer op die verklaring waarom die belangrike rol wat gespeel word deur die Swartmagbeweging as 'n radikale skuif van die passiewe benadering in die stryd om burgerregte in die VSA.

HOOFASPEKTE**INLEIDING**

- Inleiding: Kandidate moet standpunt in neem en dit staaf dit met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

- Die Swartmagbeweging het na vore gekom as reaksie en onenigheid teen passiewe weerstand-strategie
- Die leiers soos Malcolm X het geglo dat 'n ware swart revolusie nie kan staatmaak op wit ondersteuning en versoening nie.
- Die opkoms van swart radikalisme in die 1960's is as gevolg van werkloosheid en polisie brutaliteit.
- Spontane onluste in Watts wys swart wanhoop-ras onluste.
- Die vroeë 1970's oproep van die Black Power het gewild geword-as gevolg van die impak wat dit gehad het in die vestiging van trots en eiewaarde in Afro-Amerikaners.
- Black Panthers Beweging en sy 10-punt plan
- Die rol van Malcolm X en Carmichael in toenemende stryd roep vir 'n radikale benadering.
- Eie verdediging en veg terug indien nodig bevorder deur Swartmagbeweging
- Viering van Afro-Amerikaanse geskiedenis, musiek, ens. in die 60's.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

Kandidate moet argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]

TOTAAL: 150